

KINDERKERK LES: Verstaan jou Bybel - Afdelings van die Ou Testament - Die Klein Profete boeke

Doel van les:

- Om die basiese samestelling van die Bybel beter te verstaan sodat ons dit gemakliker te kan lees en gebruik.

Ysbreker: Boek ordes: Vandag gaan ons verder leer aan die Bybelboek name. Ek gaan die naam sê en 'n beweging saam doen en dan gaan julle dit agter my aan doen. Is julle reg? (Die want gedeelte tussen die hakies is vir onderwyser se inligting en jy kan kies of jy dit nou al met kinders wil deel)

- **Genesis** - Albei hande bokant jou kop in 'n boog (Want in die begin het God die hemel en die aarde gemaak;
- **Eksodus** - Wys met wysvinger (God se Volk verlaat Egipte)
- **Levitikus** - Handpalms saam soos in gebed (Levitikus beskryf die maniere waarop sondige mense God kan aanbid en hoe ons heilig kan lewe.)
- **Numeri** - Hou drie vingers op (Die volk is getel)
- **Deuteronomium** - Wysvinger wat wys na kant van kop - jou tempel - (Herhaling van die wette om die belangrikheid van gehoorsaamheid te onderstreep en hoe God vir Israel sorg.)
- **Josua** - Maak asof jy 'n pyl met 'n boog skiet. (Josua lei die Israëliete die beloofde land binne en hulle neem die land in.)
- **Rigters** - Linkerhand se palm wys na die dak, regterhand in in vuur naer op die linkerhand se palm soos 'n regter se hamer. (Israel word regeer deur rigters in die tyd voor die konings.)
- **Rut** - Hou hande bymekaar asof dit vasgeboei is en breek dit dan los asof kettings gebreek word. (Die boek Rut is liefdesverhaal van toewyding en verlossing.)
- **1 Samuel** - Hou een vinger op en maak dan hartjie met jou hande soos jy Samuel sê. (Saul: geen hart. 1 Samuel bevat die verhaal van mense wat hulle reis saam met God goed begin, maar wat tragies eindig as gevolg van sonde - Eli + Saul.)
- **2 Samuel** - Hou twee vingers op en maak dan weer 'n hartjie met jou hande soos jy Samuel sê. (*Hele hart = Dawid.* 2 Samuel beskryf die lewensverhaal van Dawid en sy koningskap oor Juda en die hele Israel. Die goeie en die slegte.)
- **1 Konings** - Hou een vinger op en maak dan kroontjie bokant jou kop met altwee hande. (Geskiedenis van die Konings van Israel en Juda.)
- **2 Konings** - Hou twee vingers op en maak dan 'n kroontjie bokant jou kop met altwee hande. (Geskiedenis van die Konings van Israel en Juda.)
- **1 Kronieke** - Hou een vinger op en maak dan asof jy 'n koerant oopvou om te lees. ('n versameling van die historiese gebeure van Israel onder Dawid se koningskap.)

- **2 Kronieke** - Hou twee vingers op en maak dan asof jy 'n koerant oopvou om te lees. (Geskiedenis van die konings van Juda.)
- **Esra** - Draai om en waai asof jy totsiens waai (Beskryf die terugkeer van die Jode vanaf ballingskap na Jerusalem en die herbouing van die Tempel.)
- **Nehemia** - Stapel een hand op die ander een asof jy bakstene op mekaar lê om 'n muur te bou. (Onder leiding van Nehemia word Jerusalem se mure in 'n rekord tyd herbou.)

Verlede week het ons geleer van die Groot Profete boeke in die Bybel. Vandag gaan ons leer van die Klein Profete boeke: Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Hagai, Sagaria en Maleagi.

Hoekom dink julle noem ons dit Klein Profete boeke? Kry 'n dik boek en 'n boek wat duidelik dunner is as die ander boek en verkieslik dieselfde kleur is. Jy kan dit selfs oortrek met koerantpapier dat dit dieselfde lyk.

Vra: Hoe lyk die boeke anders? Daar kan baie antwoorde wees, maar die een waarby jy wil uitkom, is dat die een 'n dikker boek as die ander een is.

Dit is dan ook 'n antwoord op my vraag oor hoekom die profete die Klein Profete boeke genoem is. Hulle is nie minder belangrik as die Groot Profete boeke nie, hulle boeke is net korter. Hulle almal het boodskappe van God gekry wat baie belangrik was, en wat hulle vir God se volk moes gaan vertel.

Daar is 5 Groot Profete boeke in die Bybel en 12 Klein Profete boeke.

Wie kan onthou wat 'n profeet is? Profete is mense wat deur God gebruik word om 'n boodskap van Hom aan ander mense te gee.

Verlede week het ons geleer wat van daardie boodskappe was. God se volk het nie geluister na Sy reëls nie, maar Hy het gesê Hy sal hulle vergewe as hulle net kom jammer sê en kies om die regte ding te doen. Vandag wil ek julle nog iets vertel van die profete. Ons gaan so paar dinge doen en elkeen het eintlik te doen met wat ek julle wil vertel oor die profete.

Aktiwiteit 1: Luister aktiwiteit: Speel 'n aantal klanke en laat die kinders kyk of hulle kan raai wat die klanke is. Onder is 'n link na 'n video met klomp klanke.

https://www.youtube.com/watch?v=pzw2_PAWjUw

Aktiwiteit 2: 'n Boodskap: Laat elke groepie 'n dinkskrum hou en besluit op 'n belangrike boodskap wat hulle wil hê die res van die klas moet hoor, voordat hulle vandag huistoe gaan. Gee vir hulle ongedrukte koerantpapier, gems ens. om 'n plakkaat as groep te maak, om die boodskap

meer treffend te maak. Elke groep kry dan 'n kans om voor te gaan staan en die boodskap vir die klas te gee.

Vra: Wie van julle was skaam of bang om so voor almal te kom staan met die belangrike boodskap? Vir wie was dit moeilik gewees om hier te staan?

Die Groot en Klein profete moes God se boodskappe bring en dit was nie altyd maklik vir hulle nie. Dink net jy moet voor 'n koning gaan staan en vir hom vertel God sê dat hy baie, baie stout is. Wat van as jy voor 'n klomp van jou maatjies moes staan en vir hulle vertel dat hulle nie na God se reëls luister nie, en dat God hulle daarom gaan straf?

Die profete se werk was nie altyd maklik nie, maar hulle het na God geluister eerder as na mense. Soms het die mense hulle baie sleg behandel. Die mense het ook nie na hulle geluister nie, en is toe deur God gestraf.

Kom ons kies om te doen wat God ons vra, net soos die profete. Dit is baie beter om God se hart gelukkig te maak as om te luister na mense wat verkeerde dinge wil doen. Kom ons sit nou so in ons groepies en dan bid ons dat God ons braaf sal maak om te doen en te praat wat Hy wil hê.

Indien daar tyd oor is, kan jy weer met hulle deur die boeke van die Bybel se bewegings gaan.

Sluit af met gebed in groepe.